



# Rooikat-GIDS

# 2024



LIEFDE • RESPEK • LOJALITEIT

DIS HÓE ONS DIE WÁT DOEN!!



# AKADEMIE

## Kodering/Coding nou formeel deel van die Graad 1- tot 3-Kurrikulum

Kodering (wat ons reeds by ons skool as Verrykingsvak aangebied het) vorm deel van die Grondslagfase se voorgeskrewe kurrikulum.

Ons het Kodering reeds met graad 4-7 as deel van die verrykingsprogram in plek. Mnr. Gert du Plooy is ons onderwyser wat Kodering gaan onderrig.

## Rooster vir graad 4-7

Ons volg 'n 6 dag-rooster en elke kwartaal begin weer op DAG 1. Personeel laat die Rooikatte die dae in hulle Daggidse aandui aan die begin van elke kwartaal.

## FLO is...

FISIESE LEWENSORIËTERING (FLO) verwys na die groot motoriese program wat aangebied word soos voorgeskryf in die Kurrikulum en Assesseringsbeleidsverklaring (CAPS/KABV). Dit bied aan die leerlinge ondersteuning om hulle volle potensiaal ten opsigte van groot motoriese ontwikkeling te bereik. Ons herinner u daaraan dat die leerlinge die voorgeskrewe FLO-drag tydens hierdie periodes moet dra. Ons volg presies die normtyd soos deur die CAPS-dokument voorgeskryf en dit beteken 2 periodes per klas FLO per siklus.

**Sluitkassies:** Mnr. Heinrich Swart hanteer jaarliks die sluitkassies (teen 'n jaartarief) per graad in die eerste week van elke skooljaar.

## Assesseringsprogramme

Hierdie programme word teen die Maandag van week 2 van elke kwartaal op die heel laaste op die platforms gelaai dat ouers presies weet wanneer assesserings plaasvind.

Toetsrooster vir graad 4-7 word ook aan die begin van die kwartaal gelaai. Elke assesseringsprogram is voorgeskryf deur die Gauteng Departement van Onderwys en kry 'n gewig binne die assesseringsprogram van die jaar. Al word punte na 100 toe verwerk vir rapporte, het elke assesseringsprogram 'n eie gewigswaarde wat dit tel binne in die saamgestelde punt vir die kwartaal, maar ook in die finale assesseringspunt vir die jaar.

Verryking word binne die rooster hanteer om seker te maak dat al ons Rooikatte 'n verrykingskurrikulum kan volg as deel van hulle akademiese program in ons Laerskool. Die Verrykingsprogram sluit in vir graad 4-6: Rekenaarvaardigheid in ons Rekenaarsentrum, lees (afwisselend in Afrikaans en Engels met die Cami-programme), Wiskunde in die rekenaarsentrum met die Cami-program en GGO- periode vir leierskapsontwikkeling en hantering van onderwerpe wat ook emosionele intelligensie ontwikkel.



# AKADEMIE

## Rooikat-Wiskundesentrum: Graad RR - 7

Die Rooikat-Wiskundesentrum slaan los blokkies vas. Daar is ook 'n verrykings-komponent vir leerlinge wat begaafd is.

Die klaspersoneel sal steeds heronderrig hanteer, maar meeste Wiskunde-uitdagings het sy wortel in los stene of gebrekkige syfvervaardigheid van vroeër jare. Die Wiskunde-Sentrum word privaat bedryf maar in noue samewerking met ons Wiskunde-personeel en in ons senior kleinklas-Wiskunde-gang.

Skakel sommer vroeg in!

## Leerlingondersteuningsentrum

Ons is bevoorreg om ook 'n Rooikat-Omgeesentrum wat 'n leerlingondersteuningsentrum is op ons terrein te kan bedryf met leerling- en ouerondersteuning sonder weerga. Me. Lucinda van der Vyver is die hoof van die Sentrum en me. Yolandie Greef is haar administratiewe assistent wat sorg dat kommunikasie en verslae deeglik in plek is vir elke ouer en sy kind.

Professionele persone vorm deel van die Omgeesentrum wat allerlei ondersteuning bied van spraakterapie en arbeidsterapie tot emosionele steun of sommer net wanneer dit nodig is met 'n drukkie of drie! Hierdie Ondersteuningsentrum sorg dat alle Rooikat-harte rustig kan klop.

Ons Ondersteuningsentrum bied akademiese, emosionele en maatskaplike steun wanneer dit nodig is, maar hanteer nie terapie self nie. Hulle luister en takseer die probleem en dui dan die regte rigting vir ondersteuning aan.

Maak gerus kontak met me. Lucinda van der Vyver as daar iewers 'n wolkie op die horison verskyn. Elke wolk kry 'n goue rand by die gawe ondersteuningsentrum wat ons skool omarm en ons kinders en ouers teendie hart die koester!

Die professionele span bestaan uit:

- Me. Lucinda van der Vyver  
(Koördineerder, Maatskaplike Werker)
- Me. Yolandie Greef  
(Ontvangs en afspraak)
- Me. Sanmarie Bongers  
(Arbeidsterapeut)
- Me. Marita Prinsloo  
(Spraakterapeut)
- Me. Tania Janse van Rensburg  
(Spraakterapeut)
- Me. Lomé de Bruyn  
(Spraakterapeut)
- Me. Freda Coetzee  
(Sielkundige)

Kontaknommer: 012- 761 9500 x 9515

E-pos: [lok@lscp.co.za](mailto:lok@lscp.co.za)

**ROOIKAT WISKUNDE-SENTRUM**

Ons HERBOU die syferblokke wat skeefte op die fondasie.

Ons BOU die Wiskunde-blokke reg van Graad R af.

Ons bou reg vir graad 8.

Ons BOU positiewe gevoelens oor Wiskunde en rig nie af vir vraestelle nie.

Ons is op Laerskool Constantiapark se terrein in die kleinklas-Wiskundegang.

Ons soek die BOUPLAN op en kyk waar SYFERBLOKKE krom en skeef geland het.

Ons bou brúe na volgende grade.

Ons BOU aan elke week se Wiskunde sodat ons angs uit assesserings haal.

Ons BOU sterk fondasies met verryking na Alpha Wiskunde en olimpiades toe.

071 012 9613 | [rooikatwiskunde@lscp.co.za](mailto:rooikatwiskunde@lscp.co.za)

# BELEIDE

## Sportbeleid

### 1. Sertifikaat van Verdienste

Lid van: Atletiekspan, Rugby-ligaspan, Netbal-ligaspan, Tennis-ligaspan, Skaak-ligaspan, Hokkie-ligaspan, Krieket-ligaspan, Landloop-ligaspan, SANEF perdry-ligaspan, Swemspan, Gholfspan, Bergfietsspan en 7's-Rugby.

- Onderskeid moet getref word tussen liga- en spandeelname na gelang van die samestelling van elke sportsoort se onderskeie kompetisies.
- Toekenning word gemaak volgens die prerogatief van die afrigter/organiseerder na gelang van die leerling se ingesteldheid en toewyding.

### 2. Merietesertifikaat

Atletiek:	Deelname aan "Cluster"-span.
Rugby:	Liga-naaswenners.
Netbal:	Liga-naaswenners.
Hokkie:	Northern Blues Daisy-ligawenners.
Tennis:	Liga-naaswenners.
Krieket:	Liga-naaswenners. Titans-kwarteindronde.
Landloop:	Atleet neem aan alle liga-byeenkomste deel en eindig elke keer tussen plekke 26 – 50.
Perdry:	Liga-naaswenners.
Skaak:	Liga-naaswenners. Distrik: individueel 2de of 3de plek.
Swem:	Naaswenners B-Liga. Vlak 1 Northern Tigers swemkampioenskap (1ste, 2de en 3de plek.) Vlak 2 Northern Tigers swemkampioenskap (deelname). (Slegs toegeken indien leerder ingesluit is in die skool se swemspan).
Gholf:	Liga-groepwenners.
Bergfiets:	Fietsryers van die seuns- of dogterspan wat aan 75% van die skoolligas deelgeneem het en die span eindig as naaswenners van die liga.
Rugby 7's:	Naaswenners van 'n toernooi.
Lego Robotics:	75% bywoning van oefeninge én deelname aan kompetisie.

### 3. Merietesertifikaat en Rooi balkie

Atletiek:	Deelname aan D4.
Rugby:	Liga-wenners. Bloubulle-Stadsbeker- eindig onder eerste 4 plekke.
Netbal:	Liga-wenners.
Hokkie:	Northern Blues 13C-span (provinsiaal, individueel / reserwe). Northern Blues-ligawenners (Emerald). Northern Blues O/12-Distrikspan

Skaak:	(individueel). Liga-wenners. Distrik: individuele winner. Gauteng 2de of 3de plek (individueel of spanverband). Liga-wenners. Liga-wenners. Titans: eindig onder eerste 4 plekke, O/13-Distrikspan (individueel). Atleet neem aan alle ligabyeenkomste deel en eindig elke keer tussen plekke 19 – 25. Liga-wenners. Onder die top 5 in die A-liga. Wenners van die B-Liga . Sportman/Sportvrou aangewys by die Liga. Vlak 2 Northern Tigers-swemkampioenskap (1ste, 2e en 3e plek). Vlak 3 Northern Tigers-swemkampioenskap (deelname). (Slegs toegeken indien leerling ingesluit is in die skool se swemspan.)
Tennis:	Liga-wenners.
Krieket:	Liga-wenners.
Landloop:	Atleet neem aan alle ligabyeenkomste deel en eindig elke keer tussen plekke 19 – 25. Liga-wenners. Onder die top 5 in die A-liga. Wenners van die B-Liga . Sportman/Sportvrou aangewys by die Liga. Vlak 2 Northern Tigers-swemkampioenskap (1ste, 2e en 3e plek). Vlak 3 Northern Tigers-swemkampioenskap (deelname). (Slegs toegeken indien leerling ingesluit is in die skool se swemspan.)
Perdry:	Liga-wenners.
Swem:	Onder die top 5 in die A-liga. Wenners van die B-Liga . Sportman/Sportvrou aangewys by die Liga. Vlak 2 Northern Tigers-swemkampioenskap (1ste, 2e en 3e plek). Vlak 3 Northern Tigers-swemkampioenskap (deelname). (Slegs toegeken indien leerling ingesluit is in die skool se swemspan.)
Gholf:	Liga-wenners. Stadsbeker-naaswenners (deelname aan Noordvaal.)
Bergfiets:	Fietsryers van die seuns- of dogterspan wat aan 75% van die skoolligas deelgeneem het en die span eindig as wenners van die liga. Individuele fietsryers wat ingesluit word in die Gauteng Skole-Bergfietsspan. Wenners van 2 toernooie. Troeewenner by 'n reekskompetisie.
Rugby 7's:	Wenners van 2 toernooie.
Lego Robotics:	Troeewenner by 'n reekskompetisie.

### 4. Merietesertifikaat en Silwer balkie

Atletiek:	GISSA-deelname. AGN-kleure verwerf.
Rugby:	Bloubul-Naaswenners. Bloubulle-Akademiespan (O/12 en O/13).
Netbal:	GSS-Kampioenskap: eerste 5 plekke behaal. SA-Kampioenskap: plekke 3 -10 behaal.
Hokkie:	Northern Blues Gauteng O/13 B-span (provinsiaal, individueel). Northern Blues Tshwane-ligawenners.
Tennis:	Noord-Gauteng kleure verwerf (individueel).
Krieket:	Titan-naaswenners.
Landloop:	AGN-kleure verwerf.
Perdry:	Noord-Gauteng kleure verwerf.
Skaak:	Gauteng-wenners (individueel of spanverband). SA Top Schools 2de en 3de plek. Tshwane en/of Gauteng kleure (individueel).
Gholf:	Noordvaal (2de en 3de plek).

Swem:	Naaswenners: A-Liga. Vlak 3 Northern Tigers-swemkampioenskap (1ste, 2e en 3e plek). Northern Tigers-swemkampioenskap (deelname). (Slegs toegeken indien leerling ingesluit is in die skool se swemspan.)
Bergfiets:	Cross Country Olympic (XCO) Gauteng-span. Cross Country Marathon (XCM) Gauteng-span.
Rugby 7's:	Wenners van 3 toernooie.
Lego Robotics:	Trofeewenner by 'n nasionale kompetisie.

## 5. Erekleure sertifikaat en Goue Balkie

Atletiek:	Deelname aan SA-kampioenskap. Juniors: Eerste en Tweede plek tydens D4.
Rugby:	Bloubul-Wenners. Bloubul-kleure vir O/12A. O/13-Cravenweekspan.
Rugby 7's:	Bloubulle-Kleure vir die O/13 7's-Span.
Netbal:	SA-wenners/-naaswenners. O/12- en O/13 GISSA-span (individueel).
Hokkie:	Northern Blues O/13 A-span (provinsiaal, individueel). Wenner van <i>Champ-of-Champs</i> .
Tennis:	Deelname aan SA-kampioenskappe (individueel).
Krieket:	Northern Titans-Wenners (span).
Landloop:	Eindig top 6 by SA-kampioenskap (individueel).
Perdry:	Indien 'n ruiter 'n plek (roset) behaal tydens die nasionale kampioenskap (individueel).
Skaak:	SA Top Schools-wenners (skoolspan). SA en/of Protea-kleure (individueel).
Golf:	Provinsiale kleure (individueel). Noordvaal-Wenners.
Swem:	Wenners: A-Liga. Junior Suid-Afrikaanse swemkampioenskap (deelname). (Slegs toegeken indien leerder ingesluit is in die skool se swemspan).
Bergfiets:	Deelname aan die SA XCO-Kampioenskap en eindig onder die Top 5-ryers in sy/haar kategorie. Deelname aan die SA XCM-Kampioenskap en eindig onder die Top 5-ryers in sy/haar kategorie.
Rugby 7's:	Bloubul-kleure vir die O/13 7's span.
Lego Robotics:	Verteenwoordig die skool op internasionale vlak.

## 6. Meriete Sertifikaat en Rooi Sportbalkie (Buitesporte)

Leerlinge wat aan 'n buite-sportsoort deelgeneem het en by die betrokke liggame provinsiaal en nasionaal erkenning ontvang het, ontvang bostaande erkenning. 'n Hertoekenning vir dieselfde buitesport sal gepaard gaan met 'n toepaslike sportmeriete sertifikaat. 'n Rooi Sport balkie word slegs uitgedeel vir die eerste keer wat 'n leerling daarvoor kwalifiseer.

Hoogste prestasie van elke sportsoort word aan die einde van die jaar tydens 'n spoggeleentheid uitgedeel.

Die Merietetoekenningsbeleid kan deur die loop van die jaar aangepas word, afhangende van veranderinge wat deur die onderskeie sportaktiwiteite se sportbeheerliggame aan die skool deurgegee word.

# Selfoonbeleid

Na aanleiding van die Distrik Memorandum No 373 van 2006 gedateer 1 September 2006 wat wys op die gevare van pornografiese materiaal op leerlinge se selfone, steurings in die klas, asook verskeie insidente hierdie jaar, gee ons die hersiene selfoonbeleid vir u deur om leerlinge asook leerkragte se veiligheid en privaatheid te beskerm.

## BELEID VAN DIE SKOOL

Leerlinge mag in besit wees van 'n selfoon onder die volgende voorwaardes:

- Selfone moet afgeskakel word tydens skoolure en buite sig gebêre word.
- Géén oproep mag gemaak word, of boodskappe gestuur word na enige iemand tydens skoolure nie.
- Daar kan ter enige tyd van 'n leerling verwag word om sy/haar selfoon deur 'n onderwyser te laat deursoek vir ongewenste beeldmateriaal, foto's, sms'e en of om enige ander rede.
- Selfone word op eie verantwoordelikheid skool toe gebring.
- Tydens noodgevallen mag die leerling sy selfoon gebruik met die toestemming van die onderwyser soos byvoorbeeld om ouers te kontak.

## PROSEDURE INDIEN REËLS OF VOORWAARDES OORTREE WORD

- Indien 'n leerling sy/haar selfoon onreëlmatig gebruik, sal die selfoon afgeneem word en in die skool se kluis geberg word. 'n Kwitansie sal uitgereik word as bewys. Die leerling mag die foon aan die einde van die week kom aphaal. 'n Debietinskrywing sal aangebring word (10 punte).
- Indien daar ongewenste materiaal op die foon gevind word, sal die leerling dadelik verwys word na die Ondersteuningsentrum, Adjunkhoof of Hoof waarna die betrokke leerling se ouers telefonies gekontak sal word.
- 'n Oortreding van paragraaf b hierbo het 'n debietinskrywing van 30 punte en kan tot gevolg hê dat so 'n leerling geskors kan word vir bepaalde aantal dae.
- Detensieklas kan as strafmaatreeël gebruik word.

Laerskool Constantiapark beskou die veiligheid van hulle leerlinge as van die hoogste prioriteite. Effektiewe leer en onderrig kan nie plaasvind as leerlinge en medeleerlinge se aandag gedurig onderbreek word deur toe te laat dat aandag deur allerhande tegnologiese toestelle wat verkeerd bestuur word, afgelei word nie. Daarom beskou ons enige oortreding in dié verband in 'n ernstige lig.



# Kultuurbeleid

## DOEL VAN DIE KULTUURBELEID

By Laerskool Constantiapark word leerders aangemoedig en uitgenooi om aan kultuuraktiwiteite deel te neem. Die holistiese ontwikkeling van elke leerder is vir ons belangrik en daarom word leerders ook beloon vir hul prestasies. Kultuuraktiwiteite en prestasies binne en buite skoolverband word in berekening gebring. Leerders akkumuleer punte op die kultuurtabel om in aanmerking te kom vir 'n toekenning.

## WAAROM HANDEL DIE BELEID?

Verskeie kultuuraktiwiteite word in die beleid opgeneem. Die vlak van prestasie word gekoppel aan 'n punt. Die leerder se punte akkumuleer deur die loop van die jaar op die tabel om dan in aanmerking te kom vir die verskillende toekennings. Die beleid word jaarliks hersien en nuwe items/kompetisies word bygewerk.

## BEÏNVLOED DIE BELEID DIE BEGROTING?

Daar word jaarliks voorsiening gemaak vir die aktiwiteit in die skool se begroting. Die begroting maak voorsiening vir:

- Affiliasie by Kunswedstryde
- Aankoop van trofee en medaljes
- Druk van sertifikate
- Aanbied van die merietefunksie

## HOE WORD DIE DOEL BEREIK? WAT IS DIE WERKSPROEDURE?

Leerders ontvang 'n vorm waarop hulle aandui aan watter kultuuraktiwiteite hulle deelgeneem en presteer het deur die loop van die jaar. Bewyse word aangeheg. Presteerders van sommige aktiwiteite word deur die skool se organiseerders verskaf, bv. Kore, Redenaars en Voortrekkers.

Punte vir elke aktiwiteit word op die kultuurtabel verwerk om die leerder se totale punt vir die betrokke jaar te bepaal. Daar word voorsiening gemaak vir uitslae wat te laat ontvang word vir die huidige jaar se toekennings – dit staan oor tot die volgende jaar.

Sodra die totale punt bepaal is, is dit duidelik watter toekenning die leerder sal ontvang.

Leerders word gelys onder die verskillende afdelings en ontvang dan tydens die kultuur-merietefunksie hul toekenning(s).

Daar word ook 'n reeks wisseltrofee oorhandig soos omskryf in die Kultuurbeleid. Die kultuurhoof en organiseerder bespreek elke kandidaat en bepaal na aanleiding van sy/haar prestasie wie vir die trofee kwalifiseer.

## PERSONE BETROKKE

Die volgende persone is betrokke by die uitvoer van die beleid:

- Kultuurhoof
- Organiseerder van Merietefunksie
- Organiseerders van die volgende aktiwiteite:
  - Juniorkoor
  - Seniorkoor
  - Voortrekkers
  - Sentrum vir die Kunste
  - Redenaars
  - Fotografie
  - Spreekkoor
  - Mini-revue
  - Kunswedstryde
  - Toneel

## VOLLEDIGE BELEID

Kultuuraktiwiteite en-prestasies binne en buite skoolverband word in berekening gebring.

Punte word deur die betrokke jaar opgebou om in aanmerking te kom vir toekennings. Jy word slegs na die merietefunksie genooi met 'n totaal van 80 en op.

Erekleuresertifikaat en Goue Balkie	150 punte
Merietesertifikaat en Silwer Balkie	120 punte
Merietesertifikaat en Rooi Balkie	80 punte
Merietesertifikaat	50 punte
Sertifikaat van verdienste	30 punte

Balkies kan verwerf word in: Musiek, Drama, Kuns, Dans, Koor, Fotografie, Redenaars, Voortrekkers, Kultuur, Spreekkoor, Kunswedstryde, Toneel en Mini-revue.

- Balkies word vir die kategorie waarin die hoogste prestasie behaal is, gegee.
- Indien 'n leerder in meer as een afdeling/kategorie 150 punte versamel het, kom hy/sy in aanmerking vir 'n volgende balkie.
- 'n Leerder kan net een erekleure balkie per afdeling/kategorie verwerf.
- Uitslae wat nog nie beskikbaar is vir die prysuitdeling nie, kom in aanmerking vir die volgende jaar.
- ALLE sertifikate moet gedateer wees.



# Akademiese Meriete-toekennings

## GRAAD 4-7 LEERLINGE

By Laerskool Constantiapark word 'n hoë premie geplaas op Akademie. Ten einde leerlinge aan te moedig om akademies te presteer, word akademiese toekennings aan die einde van die akademiese jaar gemaak. Die beleid het ten doel om as beliggende denkmiddel te funksioneer om leerlinge by te staan om akademiese doelwitte te stel en prestasie by hulle aan te wakker.

### 1. HOË ONSDIE WÁT DOEN!

#### 1.1 Jaarpunt vir Graad 7:

Die gemiddeld van kwartale een, twee, drie asook die prestasie wat aan die hand van deurlopende assessering tydens kwartaal 4 behaal is, word in berekening gebring.

#### 1.2 Promosiepunt vir Graad 4-6:

Die promosiepunt word bereken deur die jaarpunt en eksamenpunt saam te voeg. Hierdie punt word ook na die GDO gestuur.

#### 1.3 Rapportpunt/Slaagvereistes

Punte wat tydens die jaareindeksamen behaal word, word benut om die rapportpunt en slaagvereistes te bepaal. Die persentasie-verdeling is soos volg:

Gr 4-6: 75% deurlopende assessering en 25% vir die finale assessering.

Gr 7: 60% deurlopende assessering en 40% vir die finale assessering.

(Hierdie samestelling word jaarliks deur die Departement van Onderwys bepaal en dan pas ons die beleid volgens instruksie aan).

### 2. TOEKENNINGS

#### 2.1 Graad 4-6-Toekennings:

- Sertifikaat van verdienste  
(Toegeken vir goeie vordering in 'n vak)
- Uitstekende prestasie  
(Toegeken vir prestasie van 80% en hoër)
- Brons sertifikaat:  
In 1 of 2 vakke: Uitstekende prestasie behaal
- Silwer sertifikaat:  
In 3 of 4 vakke: Uitstekende prestasie behaal
- Goue sertifikaat:  
In 5 of 6 vakke: Uitstekende prestasie behaal

#### 2.2 Graad 7-Toekennings:

- Sertifikaat van verdienste:  
Vir goeie vordering in 'n vak.
- Uitstekende prestasie: Vir prestasie van 80% en hoër.
- Brons sertifikaat:  
In 1 tot 3 vakke: Uitstekende prestasie.
- Silwer sertifikaat:  
In 4 tot 6 vakke: Uitstekende prestasie.
- Goue sertifikaat:  
In 7 tot 9 vakke: Uitstekende prestasie.

#### 2.3 Erekleure

##### 2.3.1 Vereiste vir gr. 4-6 erekleure:

- 'n Leerling moet 'n gemiddeld van 85% verwerf.

##### 2.3.2 Vereiste vir gr. 7:

- 'n Leerling moet 'n gemiddeld van 85% verwerf.

Leerlinge kan 'n maksimum van 4 keer Erekleure verwerf.

Hulle ontvang die volgende toekennings:

- Eerste keer wat leerling erekleure verwerf  
- Rooi Balkie
- Tweede keer wat leerling erekleure verwerf  
- Silwer Balkie
- Derde en vierde keer wat leerling erekleure verwerf  
- Goue Balkie


'n Leerling kan byvoorbeeld vir die eerste keer in graad 7 'n Rooi Balkie ontvang.

#### 2.4 TOP 10 per vak

Die Top 10-toekennings word aan die tien leerlinge gemaak wat die beste in 'n bepaalde vak presteer.

#### 2.5 TOP 10 per graad

Die Top 10-toekenning in graadverband word gemaak aan 10 leerlinge in 'n bepaalde graad wat volgens hulle gemiddeldes die beste presteer.



# KOMMUNIKASIE

## Graad R-Sentrum:

Die Katjie-Blits (Nuusbrief) word op Vrydae per WA-groep uitgestuur.

## Graad 1-7: Blits

Die Rooikat-Blits word weekliks op Vrydae per e-pos uitgestuur met alle inligting vir die volgende week.


## D6-Kommunikeerder: Graad RR-7

*Kommunikasie-platform waarop ALLE kommunikasie gelaai word.*

Skandeer en installeer:



**TEAMS: Akademiese ondersteuningsplatform (Graad 1-7)**



## Amptelike WhatsApp-groepe vir Rooikat-Ouers:

Graad RR



Graad R



Graad 1



Graad 2



Graad 3



Graad 4



Graad 5



Graad 6



Graad 7



## Sosiale Media-platforms



Amptelike webblad van die skool:  
[www.lscp.co.za](http://www.lscp.co.za)




# K O M M U N I K A S I E

## D6 en Teams

Die D6-Kommunikeerder word gebruik vir punte, kommunikasie en ook om kontantloos te kan beweeg. Die D6-Connect maak dit ook moontlik om ook u RooiKat of RooiSkat se punte elektronies te kan besigtig aan die einde van elke kwartaal.

Laai asseblief dadelik die **D6 Connect** af, as u nog nie het nie:

<https://d6.co.za/school-communication-apps/> (KLIK OP DIE SWART D6-CONNECT).



**KONTANTLOOS IS MAKLIK MET DIE D6-CONNECT!**



## Klasvoorsitters en WhatsApp-groepe

Elke klas se klasvoorsitter word gekies op die Algemene Inligtingsvergadering. Me. Karin van Eck is aan die stuur van die klasvoorsitters en is ook die BL-vertegenwoordiger vir ouerskaking en -kommunikasie. Die klasvoorsitters maak gebruik van WhatsApp-groepe vir klaskommunikasie en stuur 'n uitnodiging sodra hulle verkies is.

## WhatsApp-groepe

Whatsapp-groepe is 'n megafoon vir inligting en nie 'n vrypostige mikrofoon nie. Ons skool se waardes van liefde, respek en lojaliteit word voorgeleef vir ons Rooikatte deur hóé ons ouers ook die wát op ons Kommunikasieplatforms en Whatsapp-groepe hanteer.

Ons moet die groepe ook streng bestuur. Die POPI-ACT vir die beskerming van persoonlike inligting maak dat elke inligtingstukkies mooi bedink moet word wat geplaas word. Ouers sal ook uitgenooi word om by die groep aan te sluit en as die uitnodiging aanvaar word, is dit die toestemmingsmeganisme vir inligting om dan sigbaar te wees vir ander.

Persone wat misbruik maak van die groep se doel, sal ongelukkig verwyder word. Ons gons nie op die groep nie, ons kry inligting en bly op koers, want ons is almal ook besige ouers.

Ons kan ongelukkig ook nie privaataangeleenthede of advertensies hier laat posvat nie. Ons help graag via ons Ondersteuningsentrum en CP-Trots se verskeie ondersteuningskomitees.

## Amptelike WhatsApp-groep van die skool

Laerskool Constantiapark maak gebruik van 'n uitsaai-groep vir dringende sake of om onthou-notas deur te stuur. Ons herinner hiermee aan dringende sake en ons gee saakmakende inligting deur hier as ondersteuning vir ouers. Organiseerders van aktiwiteite maak ook gebruik van Whatsapp-groepe vir vinnige direkte kommunikasie.

# KOMMUNIKASIE

## DAGGIDS vir Graad 3 tot 7 vir kinders se kop-hou

Die Graad 3- tot 7-leerlinge ontvang die skool se Daggids teen R20 elk, waarin huiswerk afgeskryf en gebruik word om kort boodskappe vir ouers te stuur.

Die Daggids bevat ook inligting rakende belangrike datums vir die jaar asook die Akademiese, Sport- en Kultuurbeleide. Die Daggids word deur die skool gesubsidieer teen R50 elk. Datums in die 2024-Daggids is volgens die 2024-jaarprogram, maar bly onderhewig aan veranderinge en daarom bevestig die BLITS op Vrydae die datums vir die volgende week.

Graad 3's begin in Kwartaal 3 eers self huiswerk in die DAGGIDS skryf.



## KORREKTE INLIGTING VAN OUERS EN VOOGDE IS BAIE BELANGRIK

Korrekte inligting is van kardinale belang, omdat ons 'n sentrale datastelsel het waarop al ons kommunikasie plaasvind. Indien u inligting verander deur die loop van die jaar, verwittig ons onmiddelik, dat ons dit op die sisteem verander: stuur 'n e-pos aan [admin@lscp.co.za](mailto:admin@lscp.co.za) en cc asseblief u kind se voogonderwyser.



## Die Vrydag-BLITS vir ouers

Die Blits is ons weeklikse inligtingsgids om ouers flink op koers te hou. Ons versend die Blits op 'n Vrydag sodat ons inligting vir die volgende week voor die naweek kan stuur. Ons eerste BLITS verskyn dan op die eerste Vrydag van die skooljaar.

Indien u nie die BLITS in u inboks ontvang nie, loer asseblief in die Gemorspos-lêer (JUNK MAIL).

# KOMMUNIKASIE

## Kontantloos! Die ketjieng is nou elektronies.

Ons poog om Laerskool Constantiapark 'n kontantlose omgewing te maak om so veiligheid te verhoog en risiko's wat met kontant op 'n terrein gegaar gaan te verwyder. D6 het hande gevat met 'n maatskappy, Sticitt, om hierdie maklike manier van koop/betaal moontlik te maak en verskeie skole maak reeds geruime tyd gebruik van die stelsel.

Ons gaan probeer om ons CP=FORMULE 1-Kaskar ook so kontantloos moontlik te laat snel op 20 Mei. Skaaf gerus nou al 'n bandjie aan en oefen met Kafeteria-geldjies.

### Hoe doen ons dié wat?

Ouers laai die **D6 Connect** (swart) applikasie op hulle selfoon af en registreer u gesin. <https://d6.co.za/school-communication-apps/>

**D6 Connect** is die amptelike kommunikasie-platform van die skool juis omdat die **D6 Connect** dit moontlik maak vir ouers om leerlinge se punte hier te kan besigtig aan die einde van die kwartaal en omdat dit die applikasie is wat die gebruik van 'n kontantlose stelsel moontlik maak.

Die stelsel leen hom daartoe om deur die gebruik van armbandjies kontantlose aankope by die snoepie te doen. U laai u D6-beursie en met 'n armbandjie wat soos 'n horlosie lyk, kan u kind dan sy aankopies by die Snoepie met gemak doen. U kan ook as u registreer 'n nota laai as daar kennis geneem moet word van 'n allergie tydens aankope.



### Die prosedures soos volg:

1. Ouers laai die D6 connect (swart) applikasie af en verkry toegang tot Laerskool Constantiapark se geslote omgewing.
2. Selekteer die opsie "Finansies" en onderaan die skerm die "meer" opsie.
3. Ten einde die kontantlose stelsel te gebruik moet jy geld in jou "beursie" hê en met hierdie opsie kan ouers geld in hulle "beursie" betaal. Die stelsel genereer 'n unieke verwysingsnommer vir jou en die beste praktyk is om Sticitt as 'n begunstigde op jou bank applikasie te laai met die unieke verwysingsnommer. Sodoende verseker jy dat betalings korrek na jou "beursie" geallokeer word. Op hierdie skerm kan jy ook sien wat die balans van jou "beursie" is.
4. Die volgende opsie onder "Finansies >> meer" is om betalings te doen. In hierdie opsie is die verskillende moontlikhede vir betaling gelaai en deur die betrokke betaling te selekteer en te betaal word die geld uit die "beursie" gehaal en aan die skool oorbetal met die nodige verwysings. Die skool sal dit dan allokeer.
5. Daar is ook 'n opsie onder "Finansies >> meer" waar jy 'n armbandjie kan koppel aan die snoepie. Ouers moet die bandjie koop en dan die unieke nommer koppel en vaslê deur die stappe op die D6-applikasie te volg. Hierdie opsie laat ouers toe om limiete vir aankope te stel en toepaslike nota's te maak.
6. Die leerling kan dan by die snoepie aankope doen deur die bandjie te gebruik.

### Die prosedures om 'n bandjie te koop is soos volg:

1. Ouers betaal die bedrag soos jaarliks deur die skool gekommunikeer word, in die **SKOOL SE REKENING** in met die leerling se naam en verwysing na die spesifieke projek vir die graad. Loer onder na u kind se graad se kode!
2. Finansies sal die leerling se naam op 'n klaslys afmerk en die **unieke nommer** van sy/haar bandjie vaslê.
3. Die bandjie sal na die voogonderwyser gestuur word en die leerling kan die bandjie in ontvangs neem en teken vir ontvangs.
4. Sodra u die bandjie het, kan die proses om dit te koppel en fondse te laai gevolg word op **D6 Connect** en kan die bandjie gebruik word.

Sou u RooiKat of RooiSkat die bandjie verloor, kan u onmiddellik die bandjie kanselleer op die applikasie. As die bandjie nie gevind word nie, koop u 'n nuwe een en koppel hom net weer met sy nuwe unieke nommer aan u kind se inligting. Ons heg ook die amptelike inligtingsblad van D6 aan vir ouers se gerief. Mag u RooiKat veilige en vrolike inkopies doen met sy inkopie-armband en elke ouer rustig voel omdat 'n RooiKat bemagtig is vir inkopies by die skool se Kafeteria.

Projekcodes vir elke graad word jaarliks gekommunikeer tydens die Ouervergaderings.

# SKOOLDRAG

## SKOOLDRAG EN SPORTDRAG

Die amptelike leweransiers vir skooldrag is:

### Constantia Uitrusters

Mendelssohnstraat 469, Constantiapark  
(Tel.nr: 012 993 3130)

### School & Leisure,

Parkview-Winkelsentrum



## ROOIKAT-KLEREWINKEL

Rooikat- Klerewinkel, Lilkenstraat by George-se-hek.

Ons winkel het:

- Netjiese tweedehandse skooldrag,

Die winkel verkoop ook:

- Sportdrag, sakke, hoede en nog dinge wat 'n Rooikat sou kon nodig kry.
- As ons op bestellings werk wat op ons cpaanlyn-webblad bestel word, word die bestellings hier afgelaai.
- Ramble-tasse is ook in die winkel beskikbaar.

Winkeltipe:

Maandag tot Donderdag: 07:00-09:00  
en 13:00-17:00

Vrydag: 07:00-11:00

Kontakpersoon:

Me. Patricia de Wet Klerewinkel@lscp.co.za  
066 026 7567

**OP JOU MERKE, GEREED, DOEL!**  
BEGIN JOU SEISOEN OP DIE VOORVOET!  
KRY JOU RAMBLE SPORTSAK MET DIE ONGELOOFLIKE AANBOD!

Beskikbaar by die skool. Terwyl voorraad hou.  
Duurzaam. Bekostigbaar. Aanpasbaar.  
#BestBagsEver #RambleYourWay  
ramblebag.com

**RAMBLE**  
SCHOOL CAMERA LAPTOP SPORT

*Die Rooikat-Klerewinkel*  
is op die terrein by George-se-hek in Lilkenstraat.

**ONS WINKEL HET:**

- Netjiese tweedehandse skooldrag.

**DIE WINKEL VERKOOP OOK:**

- Sportdrag, sakke, hoede en nog dinge wat 'n Rooikat sou kon nodig kry.
- As ons op bestellings werk wat op ons CP-aanlyn-webblad ([www.cpaanlyn.co.za](http://www.cpaanlyn.co.za)) bestel word, word die bestellings hier afgelaai.
- Ramble-tasse is ook in die winkel beskikbaar.

Winkeltipe:  
Maandag tot Donderdag: 07:00-09:00  
en 13:00-17:00  
Vrydag: 07:00-11:00

Kontakpersoon:  
Me. Patricia de Wet  
Klerewinkel@lscp.co.za  
066 026 7567

# SKOOLDRAG

## SOMERSDRAG

DOGTERS	SEUNS
<ul style="list-style-type: none"> <li>Rooi skoolrok met skoolwapen op kraag.</li> <li>Swart skoolskoene (bandjie of toeryg) met grys kort sokkies (opsioneel in die somer).</li> <li>Kort swart skibroekie, gedra onder die skoolrok.</li> <li>Sweetpakbaadjie/moulose of langmoutrui saam met rok.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Wit kortmouhemp met skoolwapen op die sak.</li> <li>Swart skoolskoene met grys kniekouse (opsioneel in die somer).</li> <li>Sweetpakbaadjie/moulose of langmoutrui.</li> <li>Grys kortbroek.</li> </ul>
GRAAD 7-DOGTERS	GRAAD 7-SEUNS
<ul style="list-style-type: none"> <li>Rooi skoolrok met skoolwapen op kraag.</li> <li>Swart skoolskoene (bandjie of toeryg) met grys kort sokkies (opsioneel in die somer).</li> <li>Swart kleurbaadjie met skoolwapen.</li> <li>Moulose of langmoutrui onder kleurbaadjie (opsioneel).</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Wit kortmouhemp met skoolwapen op die sak.</li> <li>Swart skoolskoene met grys kniekouse.</li> <li>Swart kleurbaadjie met skoolwapen.</li> <li>Moulose of langmou trui onder kleurbaadjie (opsioneel).</li> <li>Grys kortbroek.</li> </ul>


### Rooikat-Hoed:

'n Rooi hoed en 'n pet is by die Rooikat-Klerewinkel beskikbaar. Ons wil leerlinge aanmoedig om dit gedurende FLO-periodes en pouses te dra. Die hoed kan ook vir alle sportaktiwiteite gedra word. Sonskerm en hoede is vir beskerming teen die son van kardinale belang.

### Skoolbaadjies:

Vanaf 2024 mag Graad 1- tot 6-leerlinge ook skoolbaadjies dra as deel van amptelike skooldrag. Skoolbaadjies is reeds deel van Graad 7-leerlinge se amptelike skooldrag. Skoolbaadjies bly egter nie verpligtend vir Graad 1- tot 6-leerlinge nie. Indien 'n leerling 'n skoolbaadjie dra, moet hulle ook skoolskoene dra.


## WINTERSDRAG

DOGTERS	SEUNS
<ul style="list-style-type: none"> <li>Rooi skoolrok.</li> <li>Rooi skooltrui en of sweetpakbaadjie by skoolrok (opsioneel).</li> <li>'n Frokkie mag onder die rok gedra word maar indien langmoue uitsteek moet dit uitgetrek word wanneer die trui of baadjie uitgetrek word.</li> <li>Grys kniekouse of grys broekiekouse by skoolrok.</li> <li>Kort swart skibroekie, kan onder die skoolrok gedra word.</li> <li>Swart skoolskoene (toeryg of bandjie).</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Grys lang-, of kortbroek, grys kouse met swart gordel met die langbroek.</li> <li>Rooi skooltrui en of sweetpakbaadjie (opsioneel).</li> <li>Indien 'n kortbroek gedra word, is kniekouse verpligtend.</li> <li>Wit dashemp (kortmou of langmou) met 'n skooldas.</li> <li>Swart skoolskoene.</li> </ul> 
GRAAD 7-DOGTERS	GRAAD 7 SEUNS
<ul style="list-style-type: none"> <li>Dieselfde as vir die res van die skool met die swart kleurbaadjie.</li> <li>Geen sweetpakbaadjie onder die kleurbaadjie nie.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Dieselfde as vir die res van die skool met die skool kleurbaadjie.</li> <li>Geen sweetpakbaadjie onder die kleurbaadjie nie.</li> </ul>

**NB: Geen tekkies mag by skooldrag gedra word nie, SLEGS by FLO-drag.**

# SKOOLDRAG

## SPORTDRAG

DOGTERS	SEUNS
<p><b>FLO/Hokkie/Netbal/Tennis</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Moulose FLO-top.</li> <li>CP-FLO-broekrompie.</li> <li>Skoolsweetpak (<i>GEEN skooltrui saam met sportdrag</i>).</li> <li>Wit tekkies met CP-kouse (<i>opsioneel in die somer vir FLO, verpligtend in die winter of indien die skoolsweetpak gedra word</i>).</li> </ul>	<p><b>FLO/Hokkie/Tennis</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>FLO-hemp .</li> <li>CP FLO-broek.</li> <li>Skoolsweetpak (<i>GEEN skooltrui saam met sportdrag</i>).</li> <li>Wit tekkies met CP-kouse (<i>opsioneel in die somer vir FLO, verpligtend in die winter of indien die skoolsweetpak gedra word</i>).</li> </ul>
<p><b>Swem</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Swembroek in swart.</li> <li>Wit CP-swempet.</li> <li>Grys handdoek.</li> </ul>	<p><b>Swem</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Swembroek in swart.</li> <li>Wit CP-swempet.</li> <li>Grys handdoek.</li> </ul>
<p><b>Atletiekdrag</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Skoolatletiekfrokkie.</li> <li>CP-Atletiekbroeke.</li> <li>CP- Atletiek "skipants" mag onder atletiekbroeke gedra word.</li> <li>Skoolsweetpak (<i>GEEN skooltrui saam met sportdrag nie</i>).</li> <li>Wit tekkies met CP-kouse (<i>verpligtend indien die skoolsweetpak gedra word</i>)</li> </ul>	<p><b>Atletiekdrag</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Skoolatletiekfrokkie.</li> <li>CP-Atletiekbroeke.</li> <li>CP- Atletiek "skipants" mag onder atletiekbroeke gedra word.</li> <li>Skoolsweetpak (<i>GEEN skooltrui saam met sportdrag nie</i>).</li> <li>Wit tekkies met CP-kouse (<i>verpligtend indien die skoolsweetpak gedra word</i>).</li> </ul>
	<p><b>Rugby</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Swart rugbybroek met Rooikat-embleem vir bulletjierugby en swart rugbybroek met Rooikat-embleem vir die res.</li> <li>GEEN "skipants" onder rugbybroeke nie.</li> <li>GEEN "second skin" onder rugbytrui nie.</li> </ul>
	<p><b>Krieket</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Wit lang krieketbroek.</li> <li>CP-krieket moulose trui.</li> <li>CP-kriekethemp.</li> <li>Kriekethoed.</li> </ul>



# SKOOLDRAG

NB: Sweetpakke mag in die winter saam met FLO-drag gedra word op die dae wat hulle FLO het. Slegs wit tekkies mag saam met die sweetpak gedra word.

## FLO-drag:

Geen T- hemp of opwarmingshemp wat uitsteek, mag saam met die FLO-hemp gedra word nie. In die somer mag leerlinge met FLO-drag kaalvoet skool toe kom. Gedurende die winter mag die skoolsweetpak, wit tekkies en CP-kouse saam met die FLO-drag gedra word.

- *Alleenlik die eerste spanne van die verskillende sportsoorte kry spesiale vergunning om hulle eerstespan drag te mag dra tydens wedstryde.*
- *Leerlinge wat **provinsiale kleure** verwerf het, kry vergunning om op die laaste skooldag van elke kwartaal daarmee skool toe te kom.*
- *Wedstrydreëlings word deur die onderskeie sportorganiseerders voor wedstryde gekommunikeer vir aan en uittrek van sportdrag.*

## 4. Skoolbaadjies: Swart kleurbaadjie as Spogbaadjies.

Skoolbaadjies word geDRA wanneer ons leerlinge by spesiale geleenthede optree en hul skool verteenwoordig, onder meer tydens spanredenaars, Super 12, ATKV, Gautenggrondtes en vir nasionale deelname. Tydens die krieketseisoen word die skoolbaadjies ook aan die eerste krieketspan uitgereik.

Die betrokke organiseerder huur die baadjies by me. Zilana Uys.

- Baadjies word direk na skool in lokaal nr. 18 afgehaal.
- Die korttermynkoste verbonde aan die huur van die baadjie beloop R50. Indien dit vir 'n kwartaal gehuur word, is die koste R100.
- Die baadjie word weer deur die betrokke organiseerder teruggegee.

## 5. Ondersteunershemp

'n Ondersteunershemp is beskikbaar by die Rooikat-Klerewinkel en word gedra wanneer leerlinge op toer of uitstappies gaan waar fisieke eise aan leerlinge gestel word.



# SENTRUM VAN DIE KUNSTE

Die Sentrum vir die Kunste is 'n geleentheid op die skoolterrein vir ons Rooikatte om hulle spore te laat op klawers en snare, die verhoog en die palet! Me. Nicole Marias is die Sentrum se Koördineerder en skakelpersoon.

## DRAMA

ME. HANRI MULLER  
ME. RIANA MULLER 064 549 4540

## KUNS

ME. JUANITA DE KONING  
076 976 6069

ME. INGE BONTHUYS  
072 417 0600

## KLAVIER

ME. LEANDA WILHELM  
